

oorspronklike uitgawe verskyn het nie. Dit is die faksimile-afdruk van die vrygeleide wat aan die regeringslede van die twee republieke deur lord Kitchener uitgereik is, asook 'n bladsy uit die vredesvoorstelle deur die Engelse aan die Boere voorgelê en waarop generaal Smuts en advokaat De Wet wysigings aangebring het. Ongelukkig word hierdie toevoegings nêrens in die werk verklaar of vermeld nie. Dieselfde geld ook vir die verskil in die byskrif by die faksimile waarin, volgens die oorspronklike, generaal Smuts en Botha verandering aangebring het en nou gemeld word dat dit Smuts en Hertzog was. Wat dus andersins 'n bykans presiese weergawe van die oorspronklike kon wees, is dit nou nie die geval nie.

Die vertaler het ook nog twee ander verbeterings aangebring. Hy het die stuk nl. die "Middelburgse voorstel" wat die oorspronklike opstellers aan die einde van hoofstuk V gehad het, as 'n bylae aan die einde geplaas. Ongelukkig dui hy nie hierdie verskuiwing aan nie. Net so stilsywend voeg hy tot die "Lys van illustrasies" die oorspronklike lys van uitgebragte stemme by waar dit in die oorspronklike agterweë gebly het.

Hierdie werk is andersins 'n getroue weergawe van die oorspronklike. En alhoewel, soos in die geval van ons howe, wanneer verskille in ons wette mag teëgekomp word, die ondertekende teks as die werklike geldige beskou word, sal vir historiese navorsing die oorspronklike nog geld. In alle ander gevalle sal hierdie vertaling net so goed soos die oorspronklike wees.

J L Hattingh

*H J van Aswegen en G Verhoef: Die Geskiedenis van Mosambiek. Butterworth, Durban en Pretoria, 1982, pp.190. Prys R17,50.*

Dit is 'n heel interessante verskynsel om boeke oor die geskiedenis van Suid-Afrikaanse buurlande in Afrikaans op die rak te sien; iets wat seker al lankal moes gebeur het. Trouens herinner ek my daaraan dat die Afrika-Instituut aan die begin sestigerjare tot stand gekom het met die besondere doelstelling om Suid-Afrikaners beter in te lig oor Afrika. Watter waarde dit ook al sedertdien gehad het, boeke soos die onderhawige het nooit verskyn nie — vandaar dan die waarde daarvan.

Hierdie boek het my geboei van die oomblik toe ek daaraan begin lees het totdat ek dit voltooi het. Miskien mag dit toegeskryf word aan die feit dat ek meer wou weet en geleidelik agter gekom het dat ek inderdaad min weet. Ongelukkig word daarin baie vinnig en deels met spronge gevorder van die aanvanklike Portugese vestiging langs die Oos-Afrikaanse kus in die 16e eeu tot aan die einde van die 19e eeu. Hier en daar mis ek in die gedeelte sekere gegewens wat ek dink van belang is. Dog van 1890 en verder word die verloop van gebeure baie noukeuriger uitgepluis en beskryf. Vir die fynproewer behoort daar nog gapings te wees, maar 'n behoorlike, volledige beeld van gebrekkige koloniale ontwikkeling binne die Portugese opset; die besondere probleme waarmee die land oor die jare moes worstel; die rewolusionêre verandering wat sedert die laaste twee dekades ingetree het, is uiters insiggewende leesstof. Die boek behandel ook onlangse gebeure tot 1980. 'n Heel nuwe begrip van die streek word hiermee verkry. Veral vir die Afrikaanse leser, en dan het ek ingedagte dat die leser 'n hoëskoolkind, voorgraadse student of die man op straat kon wees, behoort hieruit veel genot en waarde te put.

Die werk is ryklik geïllustreer. Dit bevat 'n aantal kaarte asook 'n verskeidenheid foto's. Kontemporêre propaganda-materiaal lewer 'n belangrike aanvullende bydrae. Die indeks agter in kom volledig genoeg en handig voor. 'n Bruikbare bronnelys word bykomend verstrekk. Die verwysings is ongelukkig weggesteek en maak saai leesstof uit. Dit bevat egter die broodnodige bronne-vermelding wat dus die geskrif se geloofwaardigheid tot voordeel strek.

Omdat twee skrywers by die samestelling van die werk betrokke is, is dit moeilik om te bepaal wie vir wat verantwoordelik was. Vir hierdie spanpoging verdien hulle egter altwee 'n pluimpie. Daar word met belangstelling uitgesien na die werke oor die ander buurlande soos in die voorwoord in vooruitsig gestel word. As op hierdie patroon voortgebou kan word, sal jong lesers en die man op straat geen verskoning meer besit dat hy oningelig bly nie.

J L Hattingh

*Sorlin, P 1980: The Film in History. Oxford: Basil Blackwell.*

No course in historical methodology would be complete without taking notice of this publication. Sorlin aptly warns "Historians must take an interest in the audiovisual world, if they are not to become schizophrenics, rejected by society as the representatives of an outmoded erudition". (p5).

Sorlin underlines the fact that a historical film or newsreel is a piece of subjective evidence made by more than one person with a specific audience in mind which increases the possibility of bias tremendously. It is a well documented publication. He continues to explain and expose where necessary, the methods and pitfalls in the film as a historical source.

In the second section Sorlin discusses contemporary films of the French Revolution, the American Civil War and the Italian Risorgimento.

In his third section the book is really illuminating when contemporary history since World War I is under discussion. The French Film *La Grande Illusion*, two films on the Russian Revolution and a film on Italian resistance against the Nazis are discussed in a scholarly fashion.

Indeed these films are scrutinized and reevaluated in a way that fascinates the reader. The film as a more than usefull source for the historian is progressively established. The possibilities of the cinema as historical source are numerous, the danger and possible misuse as abundant. All in all a fascinating and relevant publication equally usefull for the creative teacher and the academic scholar. A must for all university and school libraries.

M H Trümpelmann

*Scholtz, J 1982: Vrede van Vereeniging. Pretoria: HAUM.*

Die TV-Drama is in 1981 gebeeldsaai en het wye reaksie ontlok. Jan Scholtz het inderdaad daarin geslaag om 'n traumatiese greep uit die Afrikaner se verlede aangrypend uit te beeld. Afgesien van die historiese waarde van die drama het Scholtz hier 'n kernpunt in die Afrikaner se Geskiedenis gerekonstrueer wat ook vir vandag 'n besonder aktualiteit het. Om spesifiek te wees: Het die